

# **Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan**

**E Brown**

**Universiteit van Stellenbosch**

## **Abstract**

**Reinterpreting the paradigm concerning 'Kollegialisme' in order to understand the Afrikaans churches according to church law**

The Afrikaans term 'Kollegialisme' is used to convey criticism of the polity and history of the Afrikaans churches of Reformed persuasion. The well-known Dutch theologian, Abraham Kuyper, constructed this methodological paradigm. A philosophical concept originating within the German church was rendered contextually to communicate the development of the national church of the Netherlands. An analysis of the relevant sources indicates that what was implied was an understanding of the church in terms of a society ('genootskap'). Accordingly, the polity and history of the Reformed churches needs to be reinterpreted.

## **1. HULDIGINGSWOORD**

Adriaan Pont is 'n vriend van wie 'n mens voordurend leer. Hy is vol kerkgeskiedenis en kerkreg, selfs as hy vertel van jagstories of politiek praat. Hy weet wat hy wil en laat jou altyd dink. Die artikel wat ek vir hom aanbied, sal hom niks leer nie en

---

\* Ná die verskyning van die tweede band van Prof Pont se studie oor *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg* (Pretoria 1991) is my artikel in 'n sekere sin gedateer. Dit het egter verskyn nadat hierdie artikel geskrywe is.

sal hom ook nie aan die dink sit nie. Om een van sy woorde te gebruik, ek het dit 'gepleeg' omdat hy my geleer en aan die dink gesit het.

## 2. INLEIDING

In sy lofwaardige poging om die negentiende-eeuse Hervormde Kerk van Nederland te reformeer, het Abraham Kuyper die dwaling van hierdie kerk onder andere gewyt aan die 'Kollegiaal-systeem', wat in Duitsland gedurende die sewentiende en agtiende eeu uitgedink is (Kuyper 1884:196). Tiperend van sy metodologie het hy die Kollegialisme en die betrokke kerkgeskiedenis kategorieë beredeneer om afwykings van skriftuurlike uitgangspunte aan te dui. Sodoende is die term uit sy histories-Duitse konteks geneem en Nederlands-kontekstueel ingeklee. Daarna is die konstruksie oorgeneem om die Kaapse gang van die Nederlandse Kerk te beskrywe en teologies te beoordeel (vgl De Wet 1921:88vv).

Vir baie mense in die Gereformeerde Kerk(e) het dit gangbaar geword om die Kerkorde van De Mist en die Algemene Reglement van 1816, wat onderskeidelik vir die Kaapse Kerk en die Nederlandse Kerk opgestel is, sowel as die Algemene Reglement van 1824 en die reglemente van 1842, wat die Kaapse Sinode opgestel het, as kollegialisties te karakteriseer. In die polemieë en apologetiek wat die drie Afrikaanse kerke met mekaar gevoer het, word die kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sonder meer as kollegialisties bestempel.

In die geleere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is erns gemaak met dié aanklag. Van die begin af is egter gepoog om te bewys 'dat die regeringsvorm van die Ned Geref Kerk...in haar wezen niet kollegialisties' is nie (Keet 1925:26). B B Keet verstaan die term 'kollegialisties' in terme van die 'idee' dat die kerk 'n genootskap is met hoër en laer besture (Keet 1925:20; vgl ook 1963:30-31).

Die vraag is of die gebruik van die paradigma, wat in verband met die Kollegialisme opgebou is om die geskiedenis van die Nederlands-Suid-Afrikaanse kerke te vertolk, teologies grondliggende aannames en probleme identifiseer en aanspreek. Die primêre vraag is of dit histories verantwoordbaar is en of die kerkhistoriese onderskeiding nie in die slag gebly het nie.

Toe begin is met die aandrag op hervertolking van 'ons vaderlandse geskiedenis' (vgl Van Jaarsveld 1961; Van Jaarsveld, Van Wijk, Muller & Scholtz 1963), het T N Hanekom gevra vir 'n verstaan van die vaderlandse kerkgeskiedenis ter wille van die 'Kerk van Jesus Christus' (Hanekom sj:1). Om 'n konfessionele benadering te verseker, sou ek wil vra dat dit in die naam van Jesus Christus die Here geskied. Tereg het Pont (1962/1963:146-153) ook op objektiewe kerkgeskiedskrywing aan-

gedring. Ons wil beweer dat om te praat van kollegialistiese afwykings van die Kaapse Kerk van Nederlandse oorsprong nie histories en teologies korrek is nie en die problematiek wat aangespreek moet word, verlê. Dit kan kollegialisties wees in die sin dat van die kerk as vereniging (*collegium*) gepraat is.

Die *terminologie* in 'n paradigma mag nie verwarrend of suggestief wees nie. Abraham Kuyper beredeneer die 'Kollegiaal-sisteem' met sy kerkregtelike beïnvloeding. Vir H H Kuyper (1935/1936:19) is dit eintlik geen stelsel van kerkregering nie, want dit degradeer die kerk tot 'n menslike vereniging. C J H de Wet behandel die 'Kollegiale kerkreg'. In 'n prikkelende resente werk van B Spoelstra (1989:13) praat hy van 'n 'genootskaplike of kollegialistiese kerkbegrip'. Dui dit alreeds op hervertolking, in die besef dat dit eerder om 'n *genootskaplike kerkbegrip* gaan? Die vraag is natuurlik of 'n 'genootskaplike kerkbegrip' dieselfde is as 'n 'kollegialistiese kerkbegrip'.

'n Verstaan van die regering van 'n besondere kerk in terme van 'n kerkregtelike paradigma vereis 'n bronnestudie en die verstaan van die bepaalde kerkhistoriese konteks en problematiek, aannames en oorwegings eie aan die grondgedagte of uitgangspunte en die kerk ter sprake.

### 3. KOLLEGIALISME AS STELSEL

Kollegialisme as stelsel het in 'n Duitse en Lutherse konteks sy ontstaan (vgl Schlaich 1969). Dit spreek 'n kerklike en staatkundige probleem aan. Dit het die Christelike geloof en samelewing beredeneer en aangepas by aannames van die sewentiende- en agtiende-eeuse Verligting. Dit het die moontlikheid gebied om onderskeie oorwegings te akkommodeer.

#### 3.1 Luther se standpunt

Luther het die regering van die kerk nie vanuit die Skrif bedink nie. Die kerklike inrigting is in die hande van die Christelike vorste van die onderskeie territoriale gebiede gelaat en die kerkreg is aan juriste oorgelaat.

#### 3.2 Probleme vir kerk en owerheid

Die Lutherse teologiese vervreemding van die kerkreg en die politieke aanvaarding van die beginsel *cuius regio eius religio* (die stelsel van Territorialisme) het 'n probleem vir die kerk sowel as vir die owerheid laat ontstaan. Staatsoorheersing van kerke wat territoriaal erken is, kon nie voorkom word nie. In die geleedere van die

Lutherse kerke in Duitsland is algaande aandag gevra vir 'n stelsel van kerkregering waarin die kerk sy binding met die staat behou en in sy eie reg gehandhaaf word.

Protestantse kerke het gehou aan die teokratiese ideaal en groot prys op staats-erkenning gestel. Die feit dat die kerk as instituut uiteengeloop het, was vir die staat egter 'n probleem. Hy het homself slegs aan een kerkverband in sy gebied verbind, terwyl sy burgers nie almal daarin opgegaan het nie. Veral in die kringe van die Verligting is dit as 'n belemmering belewe en is aangedring op vryheid en gelyke beregtiging van die individu.

### 3.3 Regsgeleerdes en teoloë tree op

Aan die kerklike en staatkundige problematiek het regsgeleerdes en teoloë begin aandag gee. Een van die eerstes was Sam Freiherr van Pufendorf (1632-1694) wat in sy werk *De habitu religionis christianae ad vitam civilem* (1678) gerasionaliseer het. Sy vader was 'n Lutherse predikant in Saksen. Aanvanklik het hy in die teologie studeer. Hy promoveer aan die Leidse Universiteit in regsweetenskap en laat hom as akademikus in die praktiese politiek geld. Sy vertrekpunt is die natuurreg, wat hy verstaan in terme van die menslike rede en sy begrip van die Christelike tradisie. Hy is 'n voorloper van die *Aufklärung* in Duitsland en van die Encyclopediste in Frankryk. Die Lutherse Ortodoksie sowel as die Rooms-Katolieke Kerk het hom fel bestry.

Beïnvloed deur Pufendorf het die juris, wysgeer en teoloog Chr Thomasius (1655-1728) die territoriale stelsel van kerkregering verdedig in terme van die sosiale natuur van die mens. Hy was hoogleraar aan die pas gestigte piëtisties-georiënteerde Universiteit van Halle.

Daarteenoor het die teoloog C M Pfaff (1686-1760), ook beïnvloed deur Pufendorf, gedurende die oorgangstydperk van die Ortodoksie na Rasionalisme die Kollegialisme beredeneer om die kerk tot sy reg te laat kom. In sy werk *Origines iuris ecclesiastici* (1719) wys hy die Episkopalisme af waar die biskop gesag voer oor die kerk. Maar ook met die Territorialisme het hy nie vrede nie omdat die volle gesag oor die kerk in die hande van die owerheid of die patronaat beland. Hy dink aan die kerk as 'n selfstandige vereniging (*collegium, societas*) in die staatsgemeenskap en wettig sy eie reg as sodanig.

In 1736 het J H Böhmer (1674-1749) die kerkreggeleerde van Halle, reeds gepraat van 'n 'kollegiale sisteem' (Böhmer 1736:13). Hy is insgelyks deur Pufendorf maar ook deur die Nederlander Huigh de Groot (1583-1645) beïnvloed (sien Kroch-Tonning 1905; Nellen 1958; Kroch-Tonning 1983; Knight 1925; Hallema 1942; Van Eysinga 1945; Van Vollenhoven 1945; De Vranrijker 1937; Haentjes 1946; Fortuin

1946). Hy kies vir Thomasius en word die vernaamste verdediger en eksponent van die Territorialisme.

In 1760 het J L Mosheim (1694-1755), die baanbreker van die Pragmatisme en gevierde kerkhistorikus, sy werk *Allgemeine Kirchenrecht* gepubliseer. Eweneens deur Pufendorf beïnvloed, het hy die Kollegialisme aanvaar in afwysing van Dogmatisme, met die doel om 'n omvattende Christendom te bevorder.

### 3.4 Die Kollegialisme as regstelsel

Die Kollegialisme is 'n regstelsel wat uitgedink is in terme van oorwegings en aannames eie aan die Verligting. Dit wou probleme wat ondervind en geïdentifiseer is besweer, kerke van staatsoorheersing bevry en staatkundig gelyk beregtig, sowel as individue vrywaar van godsdiensdwang en verseker van gelyke regte. Daarin is gebruik gemaak van die *verenigingsreg*. Aan 'n gemeenskap is gedink as enkelinge wat op grond van verdrae verenigings met mekaar sluit.

Die staat is 'n besondere vereniging wat sy gesag verkry vanweë 'n tweevoudige verdrag. Enkelinge sluit 'n verdrag om 'n omvattende *societas aequalis* te vorm en koppel dit aan 'n verdrag waarvolgens regeerbevoegdheid oorgedra word aan 'n vors of leiers wat die *summa potestas* verkry. Sodoende word gesag wetmatig vasgestel en aan die enkelinge regte toegeken. Daarmee is nie meer staatkundig die reformatoriese belydenis dat God aan die staat sy gesag gee, onderskrywe nie. Daar is ook nie gehou aan die skriftuurlike singewing dat Jesus Christus deur sy Woord en Gees sy kerk vergader nie. Die kerk volg nie op die *mutua confoederatio* van gelowiges in 'n samelewing nie.

Volgens die verenigingsreg kan enkelinge in die samelewing 'n *consociatio hominum inter se* in belang van 'n omskrewe doelwit aangaan (vgl Pfaff 1942:90). As dit gaan om 'n gesamentlike oortuiging oor die waarheid, kom 'n godsdienstige vereniging tot stand (vgl Von Wiese 1826:5). 'n Geïnstitueerde kerk is een van hierdie verenigings.

Om van kollegiale kerkreg te praat, kan misleidend wees. Dit is selfs nie kerklike staatsreg nie. Dit is staatsreg waarin die kerk as 'n vereniging, kollegiaal moet teregkom. Die kerk word erken as 'n *societas aequalis et libera*, 'n vereniging van gelyke enkelinge wat vrywillig 'n verdrag gesluit het om hulle gemeenskaplike geloof te behartig. Die vereniging verkry regsgeldigheid. Die betrokkenes aanvaar verpligtinge teenoor die geheel, maar word regtelik van gewetensvryheid verseker. Die vereniging geskied op grond van bepaalde leerstellinge standpunte en reëls wat soos 'n grondwet funksioneer. As vereniging word aan elke kerk staatkundig die reg verleen om sy eie gesag self en onderling te reël. Die *potestas ecclesiastica* kom die

kerk as geheel toe. As hoof van die staatsgemeenskap het die vors reg van toesig oor die kerk as vereniging, die *iura circa sacra maiestatica*, wat egter nie aan hom die reg gee om in die interne sake van die kerk in te meng nie. Vir die Kollegialisme was dit onaanvaarbaar dat die kerklike gesag gedurende die Hervorming oorgedra is aan die vors. Daardeur het hy besit gekry van die *iura in sacra*.

### 3.5 Die Kollegialisme vind staatkundig en kerklik byval

Die Kollegialisme het eers gedurende die negentiende eeu staatkundig maar ook kerklik byval gevind. Die seun van J H Böhmer, Georg Ludwig (1715-1797) was ook 'n bekende juris maar het die Kollegialisme voorgestaan soos blyk uit sy werk *Principia iuris canonis speciatim iuris ecclesiastici* (1791). Ook G W V Wiese (1769-1824) kies in sy *Handbuch des Gemeinen in Teutschland üblichen Kirchenrechts* (1799) vir hierdie stelsel.

Dit het gangbaar geword om die apologet F D E Schleiermacher (1768-1834), met sy piëtistiese agtergrond, verantwoordelik te hou vir die toepassing van die Kollegialisme in die praktyk (vgl De Wet 1921:21; Geldenhuys 1951:30vv; Schlaich 1969:14vv; Kleynhans 1982:84-85). Verdere navorsing bevraagteken egter hierdie opvatting. In sy werk *Die Grundlagen des evangelischen Kirchenrechts* (1928) wys G Holstein daarop dat Schleiermacher nie so ontvanklik was vir die individualisme van die Verligting en die Kollegialisme nie. Daarin word hy ondersteun deur M Daver (1965). Hy was eerder 'n voorstaander van 'n volledige skeiding tussen kerk en owerheid.

### 3.6 'n Staatskerk onaanvaarbaar

'n Staatskerk was te enemale vir Kollegialiste onaanvaarbaar. Amptelik sou die staat nie meer die geloofsbelijdenis van die kerk erken nie. Maar dit wou nie die kerk die onderskrywing van sy teokratiese ideaal en belijdenis ontsê nie. Die kollegiale stelsel (of was dit verenigingsreg?) het homself staatkundig aanbeveel by politici en Christene van die Verligting. Dit het ook aanklank gevind omdat dit staatsoorheersing van die kerk wou voorkom en dit vir kerke sowel as individuele gelowiges moontlik gemaak het om hulle aan hulle eie uitgangspunte en reg te hou.

Daarom het die Piëtiste, wat eweneens haaks was met die Ortodoksie, aanklank gevind by die Kollegialisme, ten spyte van die feit dat die Christelike geloof en kerk staatkundig gerasionaliseer is (vgl Schlaich 1969:14-16). So kan die oorwegings by aanhangers nogal teologies verskil en moet dit kontekstueel onderken en beoordeel word.

Dat die 'Kollegialisme...die Hoofskap van Christus oor sy sigbare kerk sowel as die unieke aard van die kerk as die liggaam van Christus' misken (Du Plooy 1989:2-11), is slegs vir sommige eksponente waar. Luther het die ekklesiologie nie Christologies versoen nie. Ten spyte van die feit dat Pfaff Luthers is, is die kerk vir hom 'n eiesoortige vereniging met 'n teologiese orde en reg wat nie by die regswetenskap hoort nie (vgl Pfaff 1742).

Die Kollegialisme het staatkundig met die reg van die kerk as instituut gewerk en wel bygedra tot 'n klemverskuiwing. Die sestiende-eeuse kerkordes het 'n koninkrykgerigte, teokratiese of Christokratiese vertrekpunt. Algaande sou 'die kerk' Christus in die sentrum van die kerkregering verplaas of verdring (Nauta 1971:9, 125).

#### 4. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOLLEGIALE STELSEL

Die ontwikkeling van die kollegiale stelsel staan in 'n onmiddellike verband met die Lutherse Kerk in Duitsland. Dit spreek egter knelpunte en probleme in die samelevings en kerke van Europa aan wat staatkundig aandag gevra het. Is die 'Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlande' van 1816 (vir die teks, sien Hooijer 1846:21vv; Van Loon 1852; Knappert 1912: 252vv; Haitjema 1951:41vv; Haitjema 1964:93vv) tipies van die Kollegialisme soos Abr Kuyper *cs* beweer? Het die stelsel ook die Kaapkolonie beïnvloed? 'n Historiese uitklaring van die Reglement dui daarop dat Kuyper se paradigma van die Kollegialisme dogmaties oorspeel is.

Belangrik is die feit dat die Algemene Reglement van 1816 histories voorafgegaan is deur die 'Provisoneele Kerken-Ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop', opgestel deur Kommissaris-Generaal J A de Mist (vir die teks, sien Dreyer 1936 III:8-23 & vn 27).

##### 4.1 Die Algemene Reglement en die Provisoneele Kerken-Ordre

Beide dokumente kan nie los van die 'Franse periode' in Nederland verstaan word nie. Die Bataafse owerheid wat aan bewind gekom het, het vir gereformeerde Nederland 'n nuwe staatsbestel beredeneer en polities daargestel (vgl Leeb 1973; Diepenhorst sj:69-74; De Visser 1926/1927, III:1vv). Daarvolgens het die Nasionale Konvensie van 5 Augustus 1796 die staat en die kerk geskei (sien Ypeij & Dermout 1927, I:150). ThL Haitjema ag die ontwikkeling as 'het eerste katastrofale gevolg van de overstroming van ons vaderland met buitenlandse Verlichtingsgedachten'

(Haitjema 1964:80vv). De Mist het die dekreet vir die Kaapkolonie verwerk, nie Frans-radikaal nie, maar Nederlands.

Ná die Restourasie (vgl Rasker 1974:24vv; Haitjema 1964:93vv) en toe koning Willem I aan bewind was, het Janssen gehelp om die dekreet vir Nederland te reglementeer – ‘het tweede katastrofale gevolg’, merk Haitjema (1964:93) op, ‘welke met het stormgetij der Verlichtingsstromingen gepaard ging’.

#### 4.2 Die Kerkorde van De Mist

Op 25 Julie 1804 is die Kerkorde van De Mist uitgevaardig.

Jacob Abraham (Uitenhage) (1749-1823) is die seun van ds A L de Mist (sien SABW II:176-182; Murray sj). Hy studeer regte aan die Universiteit van Leiden en promoveer in 1768. Self beïnvloed deur die oorwegings en oortuigings van die Verligting het hy aktief deelgeneem aan die Nederlandse verwerking van die aksente en denkwyses wat met die Franse Revolusie na vore gekom het. In Mei 1795 is hy verkies tot lid van die Nasionale Vergadering. Ná die ontbinding van die Staten-Generaal en die vlug van Stadhouer prins Willem V na Engeland, help hy met die opstel van ’n nuwe grondwet vir Nederland. In Augustus 1800 is hy benoem tot lid van die Asiatiese Raad. Nog voor die Vrede van Amiens het hy ’n memorandum opgestel waarvolgens die Kaap by teruggawe bestuur kon word (sien Gie 1920). Hy het hom nie vir Hobbes, Rousseau, Bodin en ’n konsekwente beoefening van die *Aufklärung* laat vind nie: ‘Liberty, equality and fraternity were for him not political institutions but moral duties incumbent on man’ (Murray sj).

De Mist was allereers staats- en regsman. Oor die reg en die staat het hy idealisties en humanisties gedink. Hy hou hom egter aan die tradisie van Huigh de Groot (1583-1645) met sy Nederlandse oriëntering. Hy handhaaf ‘die standpunt dat die reg en sedes nou aan mekaar verbonde is en dat godsdienste die grondslag vir reg, die sedes en die geordende maatskappy verskaf’ (SABW II:1787b).

Met die feit dat Nederland en Europa Christelik, maar na alles kerklik pluralisties is, wou hy juridies rekening hou. Godsdienste gelykheid en -vryheid is ’n reg waarvoor die staat moet waak, ‘nie ’n kwessie van verdraagsaamheid nie’ (SABW II:180).

‘Teen die Fransesinde opvatting dat die staat by die skeiding van kerk en staat geen verantwoordelikheid vir godsdienste en sedes aanvaar nie, verset De Mist hom sterk’ (SABW II:177a; vgl ook Van der Merwe 1988:103-104). Dit bly die taak van die staat ‘om die kerk te beskerm en om kerklike belange te beskerm’.

De Mist het sy opdrag aanvaar en die Vrymesselary aan die Kaap weer aan die gang gekry (Cooper 1984:17). Hy het erns met behoeftes en versoeke van die samelewing en kerke gemaak.



In die eerste deel van sy kerkorde (arts 1-18) het hy sosiaal en regsordelik die taak van die staat tot die godsdien (en kerke) verantwoord en gestel. Staatskundig is die gereformeerde en konfessionele vertrekpunt prysgegee. Volgens die aanhef word slegs rekening gehou met die feit dat 'n 'beschaafde Maatschappij zonder Godsdienst' nie kan bestaan nie. Daarom bly dit 'de pligt...van een Gouvernement... te zorgen, dat de openbaare Godsdienst oefeningen van zodanige Kerkgenootschappen...eerbiedigen, aangemoedigde en beschermd worden....'

Volgens H G Kleyn kom die begrip 'kerkgenootskap' in Nederland vir die eerste maal voor gedurende die jare 1797-1798, 'om een geheel van gemeenten, eene gezindheid, uit te drukken' (Kleyn 1888:195). Dit dui nie noodwendig op 'n kollegialistiese oriëntering nie.

In die Kerkorde is kerke as godsdienstige verenigings gelyk geag en beregtig (art 1), soos onder andere ook die Kollegialiste voorgestaan het. Sodoende het De Mist aan 'n versoekskrif van die Evangeliese Lutherse Kerk van Kaapstad voldoen (Dreyer 1936:3-6, 29-30; vgl Van der Watt 1974:1-17).

'n Weg word opgegaan wat allesbehalwe tiperend van die Kollegialisme is. Aan 'n kerklike staatsreg word gehou. Die eertyds-erkende 'Hervormd Kerkgenootschap...by verre het talrykste, en ten platten lande in deze Volkplanting het enigste zynde', is voortgaande bevoorreg. Om dit te doen, is die tweede deel (arts 19-52) voorskrywend en neem dit die vorm van 'n kerkorde aan, ten spyte van S P Engelbrecht wat volhou dat dit niks meer is nie as 'n 'Kerken-ordonnantie' (vgl Scholtz sj:26, 27). Tereg noem die kerkregtelike, H J Royaards, dit die 'eerste kerkorde' van die Kaap, waarin 'ademde geheel den geest der Bataafsche Republiek zoo als die in de Staatsregering van 1798 vooral van 1801 was uitgedrukt' (Royaards 1848:280; vgl ook Keet 1925:16).

Waarom het die Kaap-Hollandse Kerk nie beswaar aangeteken nie dat die staat vir hom 'n kerkorde opgestel het en veral van gereformeerde uitgangspunte afgesien het? Te maklik word òf 'n dogmaties aanvallende òf 'n histories verskonende antwoord gegee en hieroor kerklik gepolemiseer.

Die kerkorde staan in verband met die verblydende gebeure dat die Kaap weer Hollands was en die kerk aan die hand gevat is (vgl Le Cordeur 1986:75-93; Dreyer 1936:26-28, 30-31). Gekoppel aan aannames eie aan die Verligting (Murray sj:9vv), was die ordereëling van De Mist om te verbeter, nie om omver te werp nie (Van der Walt ea sj:131-155). Artikel 36 van die NGB is nie opgesê nie.

Aan versoeke in verband met onmiddellike knelpunte is aandag gegee (vgl Kerkraad van Kaapstad 5 April 1804:76-81; Spoelstra 1907 II:367; Kerkraad van Kaapstad 9 April 1804:78; Dreyer 1936:6-8) en kerkregtelike moontlikhede is geskep (vgl Kerkorde arts 23, 24; Dreyer 1936: 13; 26-28), veral omdat 'n algemene

kerkvergadering gehou kon word (vgl Kerkraad van Kaapstad 9 April 1804; Dreyer 1936:6-8; Kerkorde arts 46-51; Dreyer 1936 III:20-22). Vir die reg van die kerk is voortgaande ingetree, byvoorbeeld deur di C Fleck (1756-1820) en J H von Manger (1767-1842). Daar is nie besef nie dat die reeks beperkende reëls voortgaande staatsoorheersing aan die hand sou werk (Van Broekhuizen 1922:144; vir die verhouding kerk en staat soos De Mist dit hanteer het, sien Jooste 1946:82vv).

'n Bepaalde situasie en praktiese, selfs kerklike, oorwegings kan teologiese onderkenning en verantwoording terughou. Die kern van die probleem is dat die Hervormde Kerk van Nederland gebuk gegaan het onder, wat C Sepp noem, 'afnemende ingenomenheid met de leer van die kerk, [n] onbepaaldheid en halfhartigheid, [onder andere] onbepaaldheid in het vasstellen van de betrekking der rede tot de openbaring' (Sepp 1867:151, 261). Nederland en sy predikante was sensitief vir oorwegings van die Verligtes en aangespreek deur van hulle werkwyses: 'Men zocht en vond het compromis', so bevind A Fiolet (1953:13), 'waarin men ongestoord en zonder strijd dacht te kunnen leven...Dit ideaal word gevonden in een rationalistisch supranaturalisme, een compromis tussen geloof en verstand, tusschen openbaring en rede....'

Aan die Kaap het Supranaturaliste soos ds M Borchers (1762-1832) en J C Berrange (1769-1827) leiding geneem. Laasgenoemde was *praeses* en eersgenoemde *scriba* by die eerste sinodesitting in 1824. Uit die aard van hulle benadering het sommige van hulle verder, en ander nader, aan die Skrif en die gereformeerde leer gestaan. (In hierdie lig moet die opmerking van Du Toit [1947 II:354] gesien word.)

### 4.3 Die konteks en oorwegings van die Algemene Reglement

Die Algemene Reglement van 1816 het 'n konteks en oorwegings van sy eie. 'n Koning was weer aan bewind (vgl Diepenhorst sj:74vv; De Visser 1926/1927 III:202vv).

#### 4.3.1 J D Janssen (1775-1848)

Kerkhistorici (sien Pape 1855) wys Janssen aan as die geestelike vader van die Algemene Reglement (vgl Van 't Spijker 1984:2; Rasker 1974:27; Knappert 1912:223, 254; Van Loon 1952). Hy kom uit 'n patriotfamilie en het homself aangetrokke gevoel tot 'n 'evangelisch christendom'. Hy is 'n pastoriëseun en het self ook predikant geword. Ná 'n jaar as hulpprediker van sy vader is hy oortuig van die 'donker uitzigt op de bevordering in de leeraarstand'. In 1798 word hy staatsamptenaar. Hy laat hom betrek by 'kerkelyke zaken' en laat hom algaande geld.

Volgens sy geskrif oor 'kerklik regt' (Pape 1827:bylaag), het hy homself beweer vir die reglementering van 'de ware Evangelische Verlichting', wat die Protestantisme aan die gang gesit het. Daarvolgens word elkeen verseker van die vryheid van die gewete en die geloof onafhanklik gemaak van alle menslike gesag.

Daar is geen aanduiding dat hy kennis geneem het van die opvattinge van die Duitse Kollegialiste nie. Soos De Mist werk hy steeds met 'n *ius maiestaticum* – 'n kerklike staatsreg – waarvan die Kollegialiste afstand gedoen het deur die kerk eenvoudig staatsregtelik soos enige ander vereniging te hanteer (vgl Schlaich 1969:256). Hy volg eerder Huigh de Groot wat die *ius sacrum* behou en slegs in verband met die *ius publicum* bring.

By Janssen het die vors as vors nog bevoegdhede ten opsigte van die kerk. Koning Willem I wat die Reglement uitgevaardig het, het sterk daarop gestaan (vgl Van 't Spijker 1984:5). Hy wou kerke in Nederland saam in een omvattende organisasie snoer. Daarom moes verdraagsaamheid gekweek en organisasie los van die belydenis gemaak word.

#### 4.3.2 Verenigingsreg in die Algemene Reglement

Soos die Kollegialiste en De Mist, maak die Reglement ook van *verenigingsreg* gebruik om die staatsprobleem te besweer, naamlik hoe om individue godsdienstig en kerklik te bevry en gelyk te beregig. In die Reglement is die Hervormde Kerk van Nederland steeds nie toegelaat om as vereniging in 'n kollegialistiese sin tot sy reg te kom nie. Soos aan die Kaap is hierdie kerk nog bevoorreg, maar daar is outokraties 'n hiërargies gestruktureerde regeringstelsel vir hom gereglementeer. Daarin ontbreek die kollegialistiese intensie om die kerk vry te laat in die onderskrywing van sy belydenis, die beoefening van sy amp en die samestelling van sy vergaderings.

'n Gereformeerde uitgangspunt is oor die hoof gesien, deur die bestuur van die kerk staatsregtelik te reglementeer. Dit is waargeneem in terme van oorwegings en aannames eie aan die Verligting. Die geloof moes van menslike gesag bevry en geloofsdwang ten alle koste voorkom word. Daarom is die belydenis en die kerklike struktuur van mekaar geskei en het dit nie soos by die Kollegialisme as die *pactum reciprocum* gefunksioneer nie. Gevolglik is die amp en die vergadering van die kerk hulle skriftuurlike en konfessionele singewing en binding ontnem.

Met die staatsbevoorregting is behoeftes van die Hervormde Kerk tegemoet gekom en het die staat nie sonder meer sy teokratiese verantwoordelikheid opgesê nie. Dit was seker 'n verdere rede waarom daar in die geleedere van die kerk so weinig teenstand teen die staatswetgewing vir die kerk was. Sy bestuur is egter vir hom gereglementeer in terme en denkwyses eie aan die Verligting en die *ius maiestati-*

*cum*. Die kerk is nie toegelaat om homself te omskrywe en gereformeerd te verantwoord nie. Die reg van die vors om toesig te hou (kragtens arts 193, 196 van die grondwet) en sy patronaatsreg – *ius patronatus* – (art 194) het op staatsoorheersing neergekom en uitgeloopt (De Visser 1926/1927 III:222).

#### 4.3.3. Kerklike staatsreg in die Algemene Reglement

Soos by die Kollegialisme gaan dit ook vir De Mist en in die Algemene Reglement om 'n staatsprobleem, naamlik hoe om elkeen van sy burgers godsdienstig en kerklik gelyk te beregtig. Om dit te verseker is aangesluit by 'n werkwyse eie aan die Verligting – verenigingsreg. Maar die Algemene Reglement is nie kollegialisties nie, omdat hy nie wegdoen met 'n kerklike staatsreg nie. Die Hervormde Kerk van Nederland is nog steeds bevoorreg en om gewetens- en geloofsdwang te voorkom, is sy bestuur gereguleer. Sodoende is sy reg as vereniging aan bande gelê en kon hy nie sy belydenis waar maak nie. Gevolglik het die staat steeds die kerk oorheers – juis die tweede probleem wat die Kollegialisme wou besweer.

Die eintlike probleem was nie of die Algemene Reglement kollegialisties was al dan nie, maar het begin toe die Nederlandse Kerk homself nie aan sy konfessie gehou het nie en by die Verligting gaan aanpas het.

'n Verdere probleem is dat die Kaapse Kerk hom laat vind het vir die Kerkorde van De Mist en die Nederlandse Kerk vir die Algemene Reglement (vgl *inter alia* Reitsma & Lindeboom 1949:399vv). By laasgenoemde was daar wel beswaar aangedien (sien Rasker 1974:29vv). Gevolglik is kerklik (teologies) en kerkregtelik oor die kerk as 'n genootskap gedink en sy regering en bediening gereguleer.

### 5. DIE EERSTE ALGEMENE KERKVERGADERING AAN DIE KAAP

By die eerste Algemene Kerkvergadering was die Kaap weer onder Britse bewind (vir die dokumentering van die sinode sien Ned Geref Kerk van Zuid-Afrika 1883:1-26; Dreyer 1936:175-279; verder ook Dreyer 1924:9-27; Du Toit 1911:316vv). Die kerk is egter toegelaat om in 'n kerkverband self aan die woord te kom.

Kerkregtelik word uiteenlopend oor die sinode geoordeel, veral in die apologetiese gesprek. Daar is gesê dat die Kaapse Kerk homself vir die Kollegialisme laat vind het (vgl De Wet 1921:93-97; Du Toit 1911:321). Slegs in 'n gekwalifiseerde sin word dit toegegee (vgl Keet 1925:16; Eybers 1934:27, 143; Moorrees 1937:553-554; Vorster 1951:124vv; Kleynhans 1973:129-130; Hanekom 1974:18vv).

Op die tafel het die Algemene Reglement van die moederland naas die Kerkorde van De Mist gelê, maar ook 'n uitgebreide stel *Fundamental Regulations* sowel

as *Temporary Propositions and Regulations* van die Skotse Kerk, voorgelê deur ds George Thom, wat die Skotse leraars gewerf het in 1822 (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 1824:22-29).

Die Kaapse Kerk het 'n tradisie geakkommodeer, wat hom ook kerkregtelik terdeë sou laat geld (vgl Britz 1985:432vv).

Op die vraag waarom twintig jaar gewag is voordat die vergadering aangevra is (vgl Jooste 1946:128vv; Booyens 1965 II:121vv; Van der Watt 1973:26vv; 1974:14vv), gee die Skotse predikant J M McCarter (1833-1908) (sien SABW I:506b-507b) 'n Skotse antwoord: Dat die kerk aan die leiband van die staat was 'was toch niet aanmoedigend' (McCarter sj:55). Met die staatsoorheersing en die onderhorigheid van die kerk aan die staat het die Skotse predikante nie genoeg geneem nie. Dit was een van die kerklike aksente van hulle tradisie wat hulle aan die Kaap sou lê, 'n aksent wat die Kollegialisme staatsregtelik met hulle gedeel het en wat by hulle Nederlandse ampsgenote verlore gegaan het.

Met 'n appèl op 'Uwe Excellenties vaderlyke zorg', is die goewerneur se goedkeuring gevra om 'n sinode byeen te roep. Hy is daarop gewys dat die vergadering saamhang met 'den byzonderen aart van het *Presbyteriaansche Kerkgenootschap*' (Dreyer 1936:175 – my beklemtoning). Insiggewend is die woorde 'Presbiteriaans' en 'kerkgenootskap'.

Hier moet gewaak word teen veralgemening. Die woordgebruik 'kerkgenootskap' het 'n Presbiteriaanse en Skotse sin van sy eie. Die Presbiteriaanse verwysing na die kerk as 'society' (genootskap) moet nie sonder meer vereenselwig word met die terme *collegium* – eie aan die Kollegialisme, of 'vereniging' – eie aan die Verligting nie. Die woord 'church' is vir die skriftuurlik behoudende Presbiteriaan C Hodge (1797-1878) 'ambiguous' (Hodge 1879:60). Daarom verkies hy die begrippe 'society', 'organized church' en 'external visible society' om die kerk as instituut omvattend te omskrywe (Hodge 1879:75, 76).

Die vraag dring homself op of die Nederlandse predikante nie daarop bedag was dat die Presbiteriaanse kerke, by name die Skotse Kerk, ander oorwegings en aannames as die Nederlandse Kerk daarop nagehou het nie en besondere aksente in die loop van hulle geskiedenis ontwikkel het (vgl Macpherson sj; Hodge 1879; Spoelstra 1907:441vv).

Die gereformeerde stelsel van kerkregering het sy aanvang by insigte van M Bucer (1491-1551), wat Calvin van hom oorgeneem (vgl Van 't Spijker 1972, 1985) en in verband met sy kerkbegrip (vgl Milner 1970) Christologies uitgewerk het (vgl sy Institusie, bk IV). Sy opvatting is in die Nederlandse Kerkverband opgeneem en in terme van die helydenisskrifte verwerk. Die dienswerk van die ouderling staan

voorop – vandaar die benaming ‘Presbiteriale stelsel’ (vgl Van der Linde 1965; Van Ginkel 1975:115vv; Spoelstra 1907:16vv, 27vv, 225vv).

Teen independentiste moes standpunt ingeneem word. Daarvan getuig die standpunt wat die Kerkraad van Amsterdam in 1618 in belang van die kerkvergadering inneem (sien Rutgers 1882:29). Die bekende kanonikus G Voetius (1589-1675) (sien Nauta ea 1983 II:442a-449a) bevestig die gesag van die sinode as ’n meerdere vergadering en beklemtoon die plaaslike gemeente as uitgangspunt, beginpunt en eindpunt van elke kerkvergadering (vgl Bouwman 1937). Daarmee loop hy die gevaar om vanuit ’n ekklesiologiese regsbegrip kerkreg te bedryf.

In aansluiting by Calvyn begin die Presbiterianisme in die *First book of discipline* van John Knox (1560) (vgl Henderson 1957:42; Burleigh 1961:198-201; Bouwman 1928/1934 I:263; MacPherson sj:87). In hulle stryd teen biskoplike oorheersing van die kerk moes die Engelse en Skotse Presbiteriane ook die Independent of Kongregasionalisme bestry (vgl Henderson 1956; 1939:186vv). Gevolglik is die klem algaande verskuive na die kerk as instituut en die ‘church as a whole’. Anders as die Nederlandse belydenisskrifte (vgl bv NGB 30, 31) bring die Westminster Confession van 1643 die ‘assemblies’ by die dienste van die kerk as hy dit het oor die kerkregering. Anders as Calvyn wat die dienste van die kerk voorop stel (Institusie IV hfst III), is die kerk as sigbare instituut by die Presbiterianisme in die brandpunt (vgl Spoelstra 1991). Die ‘courts’ is uitdrukking van die kerk as instituut (vgl Bannerman 1974 II:315). Die ring of ‘presbytery’ is ’n permanente kerklike ‘hof’ en vorm die ‘unit of the Presbyterian system’ (vgl Bannerman 1974 II:136-141) – vandaar die benaming ‘Presbiteriaanse stelsel’.

Aan die Kaap het die Skotse Presbiterianisme aangesluit by die supranaturalistiese interpretasie van die Algemene Reglement van 1816 en ’n eie benadering ontwikkel, omdat beide van ’n regsbeginsel gebruik gemaak het om die kerk te orden in die sin van ’n instituut, wat om verskeie redes ‘kerkgenootskap’ genoem is.

In hierdie akkommodasie het onderskeie aannames tot ’n vergelyk gekom. Daarvan is die reglementering van die eerste sinode, by name die ‘Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika’ reeds bewys (vgl Bannerman 1974 II:215-237).

Die werkwyse van die Algemene Reglement van 1816 en die Skotse Presbiteriane het in ’n kwalifiserende sin by mekaar aangesluit. Laasgenoemde tradisie het daaraan vasgehou dat die kerk as ’n ‘society’ of instituut Christus verteenwoordig en namens Hom regeer. Die skriftuurlike uitgangspunt (vgl Jonker 1965) word egter ondergrawe met die werkwyse wat daaruit afgelei word, naamlik dat die kerk daarvoor ‘offices of some kind and laws of some kind’ benodig (vgl Bannerman 1974 I:221, 225vv).

Die Kerkorde van De Mist, gee die sinode toe op aandrang van die staatsverteenwoordigers (vgl Dreyer 1936:208), 'zal moeten worden...beschouwd als de *grondwet* der Hervormde Kerk' (vgl Dreyer 1936:208 – my beklemtoning), maar vind dit tog nodig om dit aan te vul met sy eie 'algemeene bepalingen van kerkbestuur'. Met die kenmerkende woordgebruik van bogenoemde twee tradisies is 'n Algemene Reglement saamgestel (vgl Kleynhans 1973:119-130). Van hoër en laer vergaderings word gepraat (arts 3-5; vgl arts 4, 60, 64). Die sinode is die hoogste bestuur (arts 9, 10, 12) en moet selfs bepalinge vir gemeentes opstel (art 17).

Daar is ooreenkomste met sy Nederlandse eweknie (vgl Royaards 1848:285-286; 1824:266, 419), maar die Kaapse reglement is deur die kerk verwoord (Potgieter 1952:24-90). Die eiesoortigheid van die kerk figureer en die opperheerskappy van Christus as koning word erken. Van ampsdraers word vereis om die leer van die kerk te handhaaf (art 7) – 'die Leer welke ooreenkomstig Gods Heilig Woord vervat is in die formulieren van eenigheid' (art 35).

Eweneens, in teenstelling met die Reglement van 1816, staan die plaaslike kerk voorop (art 31). Op meerdere vergaderings het ouderlinge en diakens sitting as afgevaardigdes. Met die kerklike opsig en tug word groot erns gemaak.

Met sy reglementering het die sinode met die kerk op pad gegaan (Hanekom 1951:311). 'Van 'n doelbewuste afwyking van die gereformeerde lyn', wys E P J Kleynhans (1973:130, 119) daarop, 'was daar in 1824 geen sprake nie'.

Interessant is die feit dat pas ná die sitting die regering gevra is vir 'n herdruk van die 'general Church Ordinances of the National Synod Dordrecht of the year 1619 for the Netherland Church, which is a fundamental Document of all the Regulations of our Church to which we are all bound to conform' (Dreyer 1936:259).

## 6. 'N TIPIES NEDERDUITSE GEREFORMEERDE INSLAG ONTSTAAN

Die Skotse tradisie en die supranaturalistiese vertolking van die Algemene Reglement het hande gevat en 'n tipies Nederduitse Gereformeerde inslag laat ontstaan (vgl Keet 1925; Vorster 1951; Brown 1979:277-304; Kleynhans 1973).

In die vergelyk het leiersfigure en meerderheidsortoëuging sowel as situasies 'n belangrike rol gespeel (vir die problematiek vgl Aalders 1954). Dit was egter die wetboeke wat uitdrukking gegee het aan die onderlinge verstandhouding waarmee die kerk sy orde gereël het (vgl Van Staden 1973:219vv). Dit is sekerlik die beste bewys van sy juridiese werkwyse.

In hierdie ontwikkeling staan die invloed van die Skotse presbiteriaanse tradisie met sy eie taalgebruik aangeteken in

- \* die 'handhawing van die Sinode as vorm van algemene kerkverband' (Hanekom 1974:19; vgl Du Plooy 1982);
- \* die stryd wat gevoer is teen staatsinspraak by sy sittings en staatsoorheersing in die algemeen;
- \* die gesag wat toegeken is aan die sinode as kerk;
- \* die latere geskiedenis van die Kaapse Kerk wat in onderskeie kerke sou uiteenloop.

Daar is gepraat van 'laer' en 'hoër' vergaderings en 'n klimmende gesag van die kerkraad tot die sinode of 'general assembly'. Laasgenoemde vergadering is die 'highest court in the Presbyterian Church and is representative of the whole church whose name it bears' (Macpherson sj:146).

In Skotland het die 'General Assembly' (vgl Shaw 1964) as kerk in 'n omvattende sin opgetree (dit is ook waar vir die VSA, vgl Hodge 1879:413), 'n instelling geword (vgl die reeks *The Principal Acts of the Solemme Generall Assembly of the Kirk of Scotland*; vgl ook Hill:1919:236vv), geskiedenis gemaak en stryd gevoer om die kerke van voogde te bevry. Dit is 'n vraag of die 'General Assembly' nie daadwerklik deelgeneem het nie aan die ontwikkeling van die Skotse demokrasie en aannames van die tradisie in sy benadering opgeneem het (vgl Henderson 1957:120-138; 1956:136-137; verder Van 't Spijker 1974).

Dit was die sinode en Skotse predikante wat selfstandigheid vir die kerk in sy verhouding tot die staat opgeëis het. Ordonnansie 7 van 1843 (vgl Kleynhans 1973: 138-140) wat die staat vir die kerk daargestel het, het 'n oorweging soortgelyk aan dié van die Kollegialisme. Om dit vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk moontlik te maak om hom as instituut self te bestuur, is ook van verenigingsreg gebruik gemaak. Dit gaan egter, soos die Algemene Reglement van 1816, te werk en deur sy regsomskrywing is die kerk nog steeds aan bande gelê en het die staat die laaste juridiese woord.

Slegs enkeles met 'n Nederlandse verband het daarteen kritiek gehad. Vir die Skotse predikante wat oor die kerk en staat as 'two societies, co-existing in this world' gedink het (Bannerman 1974 I, i:94-185; vgl ook Hodge 1879:117), was dit aanvaarbaar. Eers later is agtergekom dat die NGB nie in die opgawe van belydenisskrifte verskyn nie.

In Nederland het die Algemene Reglement gevolg gegee aan 'n kerklike afskeiding. Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kon nie voorkom nie dat die Kaapse Kerk uiteenloop; intendeel, dit het daartoe bygedra (bv sy rol in die Gesangekwessie, vgl Stodart 1983:139vv). Ordonnansie 7 sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk dwing om selfstandige sinodes in die Transgarië te gaan vorm. Dat hierdie sinodes die Presbiteriaanse begrippe met hulle saamgeneem het, is ge-



wis. Soveel prys is gestel op die 'wetgewende, uitvoerende en administratiewe' reg van die 'howe', in die taal van hierdie tradisie (Macpherson sj:103) dat in 1907 besluit is om eerder te federeer as om te verenig (Ned Herv of Geref Kerk van Tvl 1906:147; vgl Brown 1979:281). Die 'wette en bepalinge' (vgl Kleynhans 1973:130-138) wat die sinode in 1843 vir homself opgestel het, is 'in hoofdtrekke gelijk aan die van 1824' (Royaards 1834:300).

## **7. DRIE HOLLANDSE KERKE KOM NAAS MEKAAR TE STAAN**

Hierdie drie kerke het met mekaar begin polemiseer.

Vanweë die geestelike houvas van die Engelse owerheid in die Kaapse Sinode het die Nederduitsch Hervormde Kerk hom laat verbind aan die ZAR. Om die volk teokraties by die kerk te betrek, was 'n Nederlandse uitgangspunt wat hy wou behou. Teen die wetboek van die Kaapse Sinode sou hy hom nie sonder meer draai nie (vgl Van Wyk 1989). Die Skotse predikante sou hy nie erken nie.

Die Gereformeerde Kerk het teruggekeer na die Kerkorde van Dordt en hom vereenselwig met die kerklike reaksie teen die Algemene Reglement van 1816. De Mist se Kerkorde (vgl by De Wet 1921:88-93) en die eerste Sinode, by name die Algemene Reglement van 1825 (De Wet 1921:93-97), beteken dat die Kaapse Kerk die gereformeerde leer dood verklaar en begrawe het. Daarvan getuig ook Ordonnansie 7 en die kerkordening van 1842 (De Wet 1921:97-101). Met die Skotse predikante het hierdie kerk ook nie vrede gehad nie, veral ten opsigte van hulle bedieningswyse. Met kerkreg en die kerkorde het hulle groot erns gemaak (vgl by De Wet 1921; Van der Linde 1983; Spoelstra 1989; Du Plooy 1982; Smit 1984).

## **8. INVLOED OP DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**

Sou hierdie verwickelinge die Nederduitse Gereformeerde Kerk kerkregtelik tot verantwoording bring? Nee en ja. Vir eers was die drie Hollandse kerke apologeties en polemies met mekaar oorhoops. Is dit omdat Calvyn se invloed by aldie voortleef? (vgl B Spoelstra 1981:4vv).

In die opleiding van sy predikante het Kerkreg aanvanklik nie tot sy reg gekom nie (vgl Brown 1979:282vv). Dit is klaarblyklik beskou as 'n praktiese aangeleentheid. Daar is nie onderskei tussen die supranaturalistiese verwerking van die Algemene Reglement van 1816 en die evangeliese oriëntering van die Presbiterianisme nie. Die twee tradisies is eenvoudig saam geakkommodeer. Die studente was bekend met die werke van die Nederlander, H J Royaards (1834), wat deur C J H De Wet as Kollegialis beskrywe word (Royaards 1834:73-82) en later G J Vos (1884,

1889), wat hom nie vir die Doleantie van Kuyper in 1886 kon laat vind nie (C E, VI: 531), sowel as die handboeke van C Hodge van Princeton (C E, VI:531) en die Skot, J Macpherson (C E, VI:531).

Sonder ekklesiologiese verantwoording het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van verenigings in sy bediening gebruik gemaak vir 'n historiese oorsig en kerkregtelike oorweging (sien Janse van Rensburg 1975). Vir die Gereformeerde Kerk was dit nog 'n bewys van 'n onverantwoorde kerkbegrip en methodistiese dwaling (vgl Brown 1979:278-279).

Met sy wetboeke was die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) baie en voortgaande besig. Aan die begin van die eeu is die presbiteriaanse onderskeiding 'laegere' en 'hoogere' vergadering vervang met 'mindere' en 'meerdere' vergadering. Daarnaas sou die 'Kerkelyk Bestuur' in die wetboek nie meer voorop staan nie, maar 'Kerkelyke Beambten' (Brown 1979:277-278). Daar is steeds van 'bestuur' gepraat en kerkregtelik oor die kerk as 'n instituut gedink.

Vir 'n presbiteriale verantwoording sou baie hulle nie laat vind nie en het hulle volgehou dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk presbiteriaans is. Prof J Du Plessis is 'n sprekende voorbeeld (vgl Erasmus 1986:264vv).

Die omvang van die wetboek het net maar toegeneem (vgl Van Staden 1973: 223) en juridies onhanteerbaar geraak. Maar dit was eers in die vyftigerjare dat gevra is na die gereformeerde bestaansreg daarvan. Daarin staan die invloed van Kuyper *cs*, maar ook die polemieke wat die Gereformeerde Kerk met die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevoer het, aangeteken (vgl Van Staden 1973:284).

## 9. INVLOED VAN DIE ALGEMENE REGLEMENT EN DIE KOLLEGIALISME OP DIE KERK

Die Algemene Reglement (1816) en die Kollegialisme het met sy regsbegrip van die kerk in terme van 'n genootskap die gemeente sy skriftuurlike verantwoording ontsê (vgl Coenen 1952). Abraham Kuyper het dit besef in sy ywer om die kerk te reformeer. Hy het weer erns gaan maak met die gereformeerde kerkreg (vgl Kaajan [1935]).

Of hy sy uitgangspunt aan die Presbiterianisme ontleen, soos Spoelstra (1991) vermoed, is 'n vraag. Dit is 'n verdere vraag of Spoelstra met sy klem op die koninkryk en die Christelike geloof erns maak met die kerk soos wat dit histories in verband daarmee na vore kom. Feit bly, Kuyper begin met 'n konfessionele vertrekpunt, maar dink dan in terme van die 'kerk as instituut' (vgl Kuyper sj IV:27, 120vv, 174vv, 211, 217), sonder om te ontkom aan vooronderstellings eie aan die Idealisme. Deur met die plaaslike kerk en kerkraad as juridiese en organisatoriese vertrekpunt

te werk, het hy homself mislei omdat hy, soos die Algemene Reglement wat hy tereg verwerp, ook van 'n regsbegrip gebruik maak (Spoelstra 1991). Daarmee word eweneens sy konfessionele standpunt gejuridiseer. Die vertrekpunt van die kerk bly die Woord en Gees en nie 'n regsbegrip nie (vgl Ridderbos 1965). Dit gaan om 'n beweging en gemeenskap van die drie-enige God, die koninkryk van God en die kerk van God, om Jesus Christus wat ons Saligmaker en Here is.

## 10. SAMEVATTEND

- \* In die paradigma wat gesintetiseer is om die Afrikaanse kerke histories kerkregtelik te verstaan en te beoordeel, is die trefwoord 'kollegialisties' nie met die nodige onderskeiding gebruik nie. As gepraat word van die kerk as *collegium* en van verenigingsreg gebruik gemaak word, dui dit nie sonder meer op die oriëntering van die Lutherse sisteem vir Duitsland nie. Dit is duidelik as die sintese histories en teologies nagegaan word.
- \* Die Kollegialisme as regsisteem staan in verband met die Verligting en wil 'n staats- sowel as kerklike probleem besweer. Dit wil die kerk as 'vereniging' vrystel om sy eie teologiese oortuigings daarop na te hou en te beoefen.
- \* Die dokumente wat in die paradigma in verband met die Kollegialisme gebring word, praat almal van 'kerkgenootskap', maar moet onderskei word. Anders as die Kollegialisme word nog kerklike staatsreg bedryf in die dokumente wat vir die kerk in terme van die Verligting opgestel is. Die Nederlandse Kerk word bevoorreg en sy bestuur gereguleer. As genootskap is die kerk nie deur die staat in staat gestel om gereformeerde tereg te kom nie.
- \* Die dokumente waarin die Kaapse Kerk self aan die woord kom, moes rekening hou met die staat se wetgewing vir die kerk. Dit was 'n probleem. Maar daarin word die grondliggende kerkregtelike probleem onderken, naamlik dat die kerk self aangepas het by die begrippe en werkswyses van die dokumente van die staat, sonder om teologies bedag te wees. Daarop het Kuyper tereg gewys en gehelp om die kerkreg weer op te skerp.
- \* In aansluiting by die Skotse presbiteriaanse tradisie is oor die kerk in 'n omvattende sin – as instituut, as kerkgenootskap – in terme van die sinode gedink en opgetree, en sy bestuur is gereguleer in lwyige wetboeke.
- \* Die konfessionele spoor is nie gevolg nie (vgl Plomp 1967). Selfs Kuyper wat met soveel geesdrif daaraan wou hou, bring dit in gedrang deur sy beklemtoning van die kerk as instituut en regsbeginsels wat hy kerkregtelik en paradigmatis beredeneer.

- \* Ook in die kerkregering en kerkreg gaan dit om God drie-enig wat deur sy Gees aan die woord kom, 'n beweging en 'n gemeenskap laat geskied waarin Hy God bly en ons Here en Saligmaker is.

Literatuurverwysings

- Aalders, G J D 1954. *Mensen en machten*. Kampen.
- Bannerman, J [1869] 1974. *The Church of Christ: A treatise on the nature, powers, ordinances, discipline and government of the Christian Church*. 2 vols. Edinburgh.
- Böhmer, J H 1736. *Ius Ecclesiasticum Protestantium*, Bd 1.
- Booyens, B 1965. Kerk en Staat 1795-1843. *AJB* 2, 121vv.
- Bouwman, H 1928, 1934. *Gereformeerde kerkrecht*. 2 Bde. Kampen.
- Bouwman, M 1937. *Voetius over het gesag der synoden*. Amsterdam.
- Britz, R M 1985. Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Ned Geref Kerk. *NGTT* 26/4, 432vv.
- Brown, E 1979. Die spoor wat die Ned Geref Kerk in die kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het. *NGTT* 20/4, 277-304
- Burleigh, J H S 1961. *A church history of Scotland*. London.
- Coenen, L 1952. *Gemeinde und Synodi, eine kritische Untersuchung ihrer Beziehung in der reformierten Kirchen der Niederlande seit 1816*. Proefskrif, Göttingen.
- Cooper, A A 1984. *The Freemasons of South Africa*. Cape Town.
- Daver, M 1965. *Der Kirchenbegriff und die Grundlegung kirchlicher Ordnung in der Theologie Schleiermachers*. Tübingen.
- De Visser, J Th 1926/1927. *Kerk en staat*. Band 3. Leiden.
- De Vranrijker, A C J 1937. *De staatsleer van Hugo de Groot en zijn Ned tijdgenooten*.
- De Wet, C J H 1921. *Die kollegiale kerkreg*. Amsterdam.
- Diepenhorst, I A sj. *Die verhouding tusschen kerk en staat in Nederland*. Utrecht.
- Dreyer, A 1924. *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924*. Kaapstad.
- 1936. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Kaapstad.
- Du Plooy, A le R 1982. Kerkverband, 'n gereformeerde-kerkregtelike studie. ThD proefskrif, Stellenbosch.
- 1989. Kollegialisme. *SL* 23/3, 2-11.
- Du Toit, H D A 1947. *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*. 3 bde. DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

- Du Toit, J D 1911. Geschiedenis van de Hollandse Kerken in Zuid-Afrika in tafereelen geschetst, in Hamersma, T, Los, S O & Du Toit, J D, *De geschiedenis van de Christelike kerk*. Potchefstroom.
- Erasmus, A S 1986. Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned Geref Kerk, met besondere verwysing na sy teologiese denke. DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Eybers, J H 1934. *Die kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria.
- Fiolet, A 1953. *Een kerk in onrust om haar belijdenis*. Nijkerk.
- Fortuin, H 1946. *De natuurrechtelijke grondslagen van de Groots volkenrecht*.
- Geldenhuis, o'B 1951. Die regsposisie van die kerkraad, ring en sinode. Pretoria.
- Gie, S F N 1920. *The memorandum of Commissary J A de Mist*. VRS 3. Kaapstad.
- Haentjes, A H 1946. *Hugo de Groot als godsdienstig denker*.
- Haitjema, Th L 1951. *Nederlands Hervormd Kerkrecht*. Nijkerk.
- 1964. *De nieuwere geschiedenis van Neerlands Kerk der Hervorming*. 's-Gravenhage.
- Hallema, A 1942. *Hugo de Groot, het Delftsch orakel, 1583-1645: Een levenschets van een groot Nederlander uit de 17de eeuw*.
- Hanekom, T N sj. *Ons vaderlandse kerkgeschiedskrywing met verwysing na die gangbare opvatting oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk*.
- 1951. *Die liberale rigting in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese studie*. Stellenbosch.
- 1974. Die sinode in kerkregtelike perspektief, 1824-1974, in Van der Watt P B & Hanekom, T N (reds), *Na 150 jaar op die sinodale weg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 18vv. Kaapstad.
- Henderson, G D 1939. *The Church of Scotland, a short history*. Edinburgh.
- 1956. *Presbyterianism*. Aberdeen.
- 1957. *The burning bush*. Edinburgh.
- Hill, N 1919. *The story of the Scottish Church from the earliest times*. Glasgow.
- Hodge, C 1879. *The Church and its polity*. London.
- Hooijer, C 1846. *Kerkelijke wetten voor de Hervormden in het Koninkrijk der Nederlanden*. Zaltbommel.
- Janse van Rensburg, G F 1975. Kerk en Vereniging, kritiese ondersoek na die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Christelike vereniging. MTh-skripsie, Universiteit van Stellenbosch.
- Jonker, W D 1965. *Om die regering van Christus in sy Kerk*. Pretoria: UNISA.
- Jooste, J P 1946. *Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19de eeu*. Bloemfontein.
- Kaajan, H [1935]. *De Doleantie en haar kerkrechtelijke beginselen*. Utrecht.

- Keet, B B 1925. *Na honderd jaar*. Stellenbosch.
- 1963. *Orde in die Kerk*. Kaapstad.
- Kerkraad van Kaapstad 1804. Notule, 5 April 1804. (KKA G.1., 1/8.)
- 1804. Notule, 9 April 1804. (KKA G.1., 1/8.)
- Kleyn, H G 1888. *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente*. Dordrecht.
- Kleynhans, E P J 1973. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika – 1795-1962*. Stellenbosch.
- 1982. *Gereformeerde kerkreg*, Deel 1. Pretoria.
- Knappert, L 1912. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 18e en 19e eeuw*. Amsterdam.
- Knight, W S M 1925. *The life and works of Hugo de Groot*. London
- Kroch-Tonning, K 1905. *Hugo de Groot en de religieuse stroomingen in het Protestantisme van zijn tijd*.
- 1983. *Hugo Grotius – a great European, 1583-1645: Contributions concerning his activities as a humanist scholar*. Delft.
- Kuyper, A 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken*. Amsterdam.
- Kuyper, H H sj. *Dogmatiek dictaten*. Kampen.
- 1935/1936. *College-dictaten: Gereformeed kerkrecht; De groote kerkrechtelijke stelsels*.
- Le Cordeur, B A 1986. Die besettings van die Kaap 1795-1854, in Cameron, T & Spiess, S B (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad.
- Leeb I L 1973. *The ideological origins of the Batavian Revolution*. Den Haag.
- Macpherson, J sj. *Presbyterianism*. Edinburgh.
- McCarter, J M sj. *Geschiedenis der Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*. Amsterdam.
- Milner, B C 1970. *Calvin's doctrine of the church*. Leiden.
- Moorrees, A 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873*. Kaapstad.
- Murray, A H sj. *The political philosophy of J A de Mist*. Cape Town.
- Nauta, D 1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen.
- Nauta, D ea (reds) 1983. *Biografisch lexicon voor de geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme*. Band II.
- Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal 1906. *Acta Synodi*.
- Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika 1883. *De handelingen der seven eerste vergaderingen van de algemeene synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. (H.S.) Kaapstad.
- 1924. *Acta Synodi*. (S1/1, KKA.)

- Nellen, H J M 1958. *Hugo de Groot(1583-1645), de loopbaan van een geleerd staatsman*. Weesp.
- Pape, C W 1855. *Het leven en werken van J D Janssen*. 's-Hertogenbosch.
- Pfaff, C M 1742. *Akademische Reden über dass so wohl allgemeine als auch Teutsche Protestantisches Kirchenrecht*. (Nachdrucke Frankfurt a M, 1963). Tübingen.
- Plomp, J 1967. *Beginselen van reformatorisch kerkrecht*. Kampen. (Kamper Cahiers No 4.)
- Pont, A D 1962/1963. Enkele opmerkings oor objektiewe kerkgeskiedskrywing. *HTS* 18/4, 146-153.
- Potgieter, F J M 1952. Ons Kerk in Kaapland, in Hanekom, T N (red), *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk* 24-90. Kaapstad.
- Presbyterianism sa. *Handbooks for bible classes and private students*. Edinburgh.
- Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen.
- Reitsma, J & Lindeboom, J 1949. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden*. 's-Gravenhage.
- Ridderbos, H 1965. Kerklike orde en kerkelike recht in de briewe van Paulus, *Ex audita verbi, theologiese opstellen aangeboden aan prof dr G C Berkhouwer*. Kampen.
- Royaards, H J 1848. De Nederduitsch-Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. *Arch voor Kerkel Gesch* IX, 280.
- 1834. *Hedendaagsch Kerkregt bij de Hervormden in Nederland*. 2 Bde. Akademie Drukker.
- Rutgers, F L 1882. *Het kerkverband der Nederlandsch Gereformeerde Kerken*. Amsterdam.
- Schlaich, K 1969. *Kollegialtheorie: Kirche, Recht und Staat in der Aufklärung. Jus ecclesiasticum*, Bd 8. München.
- Scholtz, G D sj. *Geschiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk*. Pretoria.
- Sepp, C 1867. *Proeve eener pragmatische geschiedenis der theologie hier te lande*. 3e dr. Haarlem.
- Shaw, D 1964. *The General Assemblies of the Church of Scotland, 1500-1600, their origin and development*. Edinburgh.
- Smit, C J 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria.
- Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering*. Hammanskraal.
- 1991. Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme. *NGTT* 32/1, 57-67.
- 1981. Calvin se kerkreg en invloed op die kerke in Suid-Afrika. *SL* 15/59, 4vv.
- Spoelstra, C 1907. Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. 2(3) dele. Amsterdam.

- Stodart, C F le R 1983. Die Nederduitse Gereformeerde Ring van Graaff-Reinet: 'n Tipering en beskrywing van sy werksaamhede 1824-1928. DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- The Principal Acts of the Solemme Generall Assembly of the Kirk of Scotland 1638-1890.* 13 Bande.
- Van Broekhuizen, H D 1922. *Die wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke in Suid-Afrika, 1652-1804.* Pretoria.
- Van der Linde, G P L 1965. *Die grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel.* Potchefstroom.
- 1983. *Die kerkorde.* Potchefstroom.
- Van der Merwe, P J 1988. Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek. Pretoria.
- Van der Walt, A J H (red) sj. Die Kaap onder Britse en Bataafse Bestuur, 1795-1806, in *Geskiedenis van Suid-Afrika*. 2e uitg. Kaapstad.
- Van der Watt, P B 1973. Die Loedolfsaak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1862-1962. Kaapstad.
- 1974. Onderweg na 'n sinodale verband: Na 150 jaar. *STS* 1, 1-17.
- Van Eysinga, W J M 1945. *Gids voor de Groot's De Jure Belli ac Pacis.*
- Van Ginkel, G 1975. *De ouderling.* Amsterdam.
- Van Jaarsveld, F A 1961. Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Pretoria: UNISA. (A 16.)
- Van Jaarsveld, F A, Van Wijk, T, Muller, C F J & Scholtz, G D 1963. *Die hervatting van ons geskiedenis.* Pretoria: UNISA. (B 19.)
- Van Loon, J C A 1952. *Het Algemeen Reglement van 1816.* Wageningen.
- Van Staden, F A H 1973. Kerkorde in die geskiedenis van die NG Kerk in Suid-Afrika, 1652-1970. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Van 't Spijker, W 1972. *Godelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer.* Kampen.
- 1984. *De kerk by Hendrik de Cock.* Kampen.
- 1974. *Democratisering van de kerk.* Kampen. (Apeldoorn Studies 8.)
- 1985. Die invloed van Bucer op Calvin blykens de Institutie. *TR* 28/1.
- Van Vollenhoven, C 1945. *Grotius and Geneva.*
- Van Wyk, B J 1989. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die NHKA. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Von Wiese, G W 1826. *Grundsätze des Gemeinen in Teutschland ueblichen Kirchenrechts.* Göttingen.
- Vorster, J D 1951. Die spoor wat die Ned Geref Kerk in sy regering gevolg het. *Die Die Gereformeerde Vuandel* 1914, 124vv.



Vos, G J 1884. *De tegenwoordige inrichting der Vaderlandsche Kerk*. Dordrecht.

--- 1889. *Systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormde Kerkrecht*. Utrecht.

Ypeij, A & Dermout, I J 1927. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*.  
Band 1. Breda.